**Hersieningsoefening (Hoofstuk 18)**

Lees die volgende leesstuk goed deur.

**Vuur en vlam om die huis te verlaat**

Om die huis te verlaat, is soos om in ’n vreemde plek in die wildernis te gaan stap – jy moet weet hoe jy gaan oorleef voordat jy begin stap. Jy moet mos eers leer hoe om ’n tent op te slaan, vuur te maak, ’n kaart te lees of jou GPS te gebruik. Jy sal jou vingers verbrand as jy nie versigtig is nie.

Kyk na wat die volgende jongmense dink. Dit sal jou help bepaal of jy gereed is om op jou (eie/uie) te gaan bly:

Finansiële vaardighede: “Ek moes nog nooit self vir enige uitgawes betaal nie,” sê Angelique. “Ek is bang om met ’n begroting te werk.” Hoe kan jy leer om met geld te werk? Vra jou ouers hoeveel dit moontlik per maand sal kos vir een persoon om huur te betaal, kos te koop, ’n motor op die pad te hou of ander vervoerkoste te dek. Die geheim is om nie hoër te vlieg as wat jou vlerke lank is nie.

Huishoudelike vaardighede: Basil sê dat die ding waarvoor hy die bangste is as hy die huis sou verlaat, is om wasgoed te was en kos te maak. Oe, en hy is tog so bang om honger te (lui/lei/ly). Hoe weet jy of jy gereed is om vir jouself te sorg? Andrew gee hierdie wenk: “Probeer ’n week lank lewe asof jy alleen is. Eet net kos wat jy self maak, wat jy self by die winkel koop en waarvoor jy self betaal. Dra (kleure/klere) wat jý was en (struik/stryk). Doen al jou huishoudelike takies self.” As jy hierdie wenk volg, sal dit twee dinge vir jou doen: Dit sal jou vaardighede leer wat waardevol is en jou waardering vergroot vir jou ouers wat so (hart/hard) vir jou werk.

Sosiale vaardighede: Kom jy goed oor die weg met jou ouers, broers en susters? Indien nie, dink jy dalk dat die lewe makliker sal wees as jy saam met ’n vriend intrek. Wag maar, jy sal nog jou hare uit jou kop trek. Kyk wat sê Evelyn: “Twee van my vriendinne het saam ingetrek. Voordat hulle die woonstel gedeel het, was hulle altyd saam, maar hulle kon eenvoudig nie onder dieselfde dak woon nie. Die een was netjies, die ander een slordig. Dit het net nie gewerk nie!”

Die eintlike vraag is nie: ‘Is ek gereed om die huis te verlaat?’ nie. Dit is: ‘Sal ek kop bo water kan hou?’ As die antwoord op hierdie laaste vraag “ja” is, is jy heel moontlik gereed om jou eie potjie te krap.

Hierdie bladsy mag gekopieer word

18.9.1 Kies uit KOLOM B die betekenis wat by die idioom in KOLOM A pas.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 18.9.1 | vuur en vlam (r.1) | A | Vir jouself kan sorg |
| 18.9.2 | jou vingers verbrand (r.5) | B | Lewe binne jou inkomste |
| 18.9.3 | nie hoër vlieg as wat jou vlerke lank is nie (r.12) | C | Aan die lewe bly |
| 18.9.4 | jou hare uit jou kop trek (r.25) | D | In die moeilikheid beland |
| 18.9.5 | kop bo water kan hou (r.31) | E | Sterk wees |
| 18.9.6 | jou eie potjie krap (r.32) | F | Spyt wees |
| | | G | Baie opgewonde wees |

(6)

18.9.2 Kies die korrekte spelling van die woord tussen hakies en maak dan elke keer ’n sin met die woord wat jy NIE gekies het NIE:

18.9.2.1 Dit sal jou help bepaal of jy gereed is om op jou (eie/uie) te gaan bly. (2)
18.9.2.2 Oe, en hy is tog so bang om honger te (lui/lei/ly). (3)
18.9.2.3 Dra (kleure/klere) wat jý was en (struik/stryk). (4)
18.9.2.4 Dit sal jou waardevolle vaardighede leer en jou waardering vergroot vir jou ouers wat so (hart/hard) vir jou werk. (2)

18.9.3 Gee die meervoud van die volgende woorde. Let op die spelling.
18.9.3.1 vuur (r.4) (1)
18.9.3.2 week (r. 17) (1)
18.9.3.3 Verduidelik in EEN sin wat jy met die dubbel vokale gedoen het. (1)

18.9.4 Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies. Let op die spelling.

18.9.4.1 Jy moet self vir die (betaal) van jou uitgawes verantwoordelik wees. (1)
18.9.4.2 Daar is altyd ’n kontrak by die (verhuur) van ’n woonstel. (1)

18.9.5 Gee nou die meervoud van die volgende woorde. Let op die spelling.
18.9.5.1 woonstel (r.26) (1)
18.9.5.2 dak (r.27) (1)
18.9.5.3 Verduidelik in EEN sin wat jy met die enkel konsonant gedoen het. (1)

**TOTAAL: 25 punte**

Hierdie bladsy mag gekopieer word

**Memorandum van hersieningsoefening (hoofstuk 18)**

18.9.1 Kies uit KOLOM B die betekenis wat by die idioom in KOLOM A pas.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 18.9.1 | vuur en vlam (r.1) | G | Baie opgewonde wees |
| 18.9.2 | jou vingers verbrand (r.5) | D | In die moeilikheid beland |
| 18.9.3 | nie hoër vlieg as wat jou vlerke lank is nie (r.12) | B | Lewe binne jou inkomste |
| 18.9.4 | jou hare uit jou kop trek (r.25) | F | Spyt wees |
| 18.9.5 | kop bo water kan hou (r.31) | C | Aan die lewe bly |
| 18.9.6 | jou eie potjie krap (r.32) | A | Vir jouself kan sorg |

(6)

18.9.2 Kies die korrekte spelling van die woord tussen hakies en maak dan elke keer ’n sin met die woord wat jy NIE gekies het NIE:

18.9.2.1 eie (1)
Ek braai die uie en die spek. (1) (2)
18.9.2.2 ly (1)
Die klok het gelui./Dit is ’n lui seun. (1)
Die hond lei die blinde man./Hy lei die rose nat.(1) (3)
18.9.2.3 klere (1)
Geel en rooi is helder kleure. (1)
Stryk (1)
Die struik in die tuin het mooi blomme (1) (4)
18.9.2.4 hard (1)
My hart is vandag seer. (1) (2)
18.9.3.1 vure (1)
18.9.3.2 weke (1)
18.9.3.3 As a/e/o/u in ’n oop lettergreep staan, word slegs ’n enkelvokaalletter geskryf. (1)
18.9.4.1 betaling (1)
18.9.4.2 verhuring (1)
18.9.5.1 woonstelle (1)
18.9.5.2 dakke (1)
18.9.5.3 Die konsonant verdubbel omdat daar ’n kort vokaal voor die konsonant staan en hierdie vokaal word nie beklemtoon nie. (1)

**TOTAAL: 25 punte**